**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**VOORBEREIDENDE EKSAMEN**

**AFRIKAANSE EERSTE ADDISIONELE TAAL**
**(Tweede Vraestel: Letterkunde)**

# MEMORANDUM

---

## AFDELING A: ROMAN

**VRAAG 1: Opstelvraag**

**KRINGE IN 'N BOS – Dalene Matthee**

**Sien aangehegte rubriek.**

**Inleiding**

**Die inheemse Knysna-bos**

- Saul ervaar pyn as die groot kalander (boom) afgekap word.
- Hy weier om aan die boom te kap en dit veroorsaak verwydering tussen Saul en sy pa.
- Hy besef dat die houtkappers bome uitkap sonder om aan die gevolge te dink.
- Die Bosmense kon nie insien dat daar oordeelkundig gekap moes word nie.
- Hy besef dat daar oor vyftig, sestig jaar niks meer bome vir hul nageslag (kinders) gaan oor wees nie.
- Hy is geskok as hy weer in Meulbos kom en hy sien hoe die Bos vernietig is in die tyd wat hy weg was.
- As Saul saam met die delwers is, maak hy seker dat hulle net dooie hout vir hul vure gebruik.
- Saul veg vir die bewaring van die bos.
- Hy is van sy veertiende jaar af bewus daarvan dat die natuurlewe in die Bos in gevaar verkeer.
- Hy het besef die Bosmense kan nie sien dat hulle hul eie toekoms ook in gevaar stel as hulle aanhou om die bome in die Bos af te kap nie.
- Niemand het belanggestel in die bewaring of die aanplant van bome nie.
- Hy sou sorg dat hy net hout met die boswagter se merk op koop.
- Vir Saul leef die bos asof dit 'n mens is.
- Hy probeer keer dat rifgoud ontgin word in die Bos, want hy besef daar sal skade aangerig word.
- Die bos is uitgelewer aan die delwers en Saul wil nie bly om die verwoesting te aanskou nie.
- Saul bly uiteindelik op Knysna en besluit om die Bos aan te hou beskerm.

**Die olifante**
- Die houtkappers was arm en ongeletterd en het die olifante as hul vyande gesien.
- Later begin die mense die olifante jag om die ivoor te verkoop vir geld.
- Die olifante word voor die voet doodgeskiet.
- Dis nie net bosmense nie, maar ook delwers wat die olifante skiet.
- Dis baie makliker om ’n olifant te skiet as om bome af te kap.
- Saul beskou Oupoot as sy broer.
- Saul koop Oupoot se tande by Stopforth sodat niks van Oupoot die Bos verlaat nie.

**Die bloubokkie**
- Dis die mooiste en kleinste bokkie van almal.
- Die boswêreld is die bloubokkie se habitat.
- Die habitat word al hoe kleiner omdat die boswêreld krimp en daarom krimp hulle getalle.
- Die houtkappers vang die bokkies in hul strikke.
- Die houtkappers steur hulle nie aan bewaringsregulasies nie, want dit was die enigste vleis wat hulle kon kry.
- Saul het ook agtergekom dat die bloubokkie se gal nie in sy kop gesit het nie omdat hy dit ondersoek het en nie net alles geglo het wat die mense gesê het nie.

**Slot**

**[35]**

**VRAAG 2: Kontekstuele vraag**

**KRINGE IN ’N BOS – Dalene Matthee**

| NR. | MEMORANDUM | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 2.1 | D / Stopforth | (1) | 1 |
| 2.2 | C / MacDonald hom weggejaag het om Saul te dwing om Knysna te verlaat. | (1) | 1 |
| 2.3 | | | |
| 2.3.1 | Onwaar | (1) | 1 |
| 2.3.2 | Joram is dood. | (1) | 2 |
| 2.4 | | | |
| 2.4.1 | Waar. | (1) | 1 |
| 2.4.2 | “Toe elke pennie van my slaafloon by MacDonald van júlle skuld afgetrek is.” | (1) | 1 |
| 2.5 | Jozef het Saul daarvan beskuldig dat hy aan die regering se kant was ✓(1) EN<br><br>teen die houtkappers was✓.(1) | (2) | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.6 | | | |
| 2.6.1 | • Hulle sal nooit baie geld verdien nie / sal in armoede bly leef / sal vir die res van hul lewens vir die houtkopers bly werk.✓<br>• Hulle sal nooit skool toe gaan nie / nooit leer lees en skryf nie / sal altyd ongeletterd bly / gaan net so arm soos hulle pa wees.✓ | (2) | 1 |
| 2.6.2 | 'n Groot boom het op hom geval (nadat hulle hom verkeerde kant toe gekap het.) | (1) | 1 |
| 2.7 | C / alomteenwoordige verteller | (1) | 3 |
| 2.8 | | | |
| 2.8.1 | F – kap in Joram Barnard se span | | |
| 2.8.2 | E – die eerste prospekteerder wat goud ontdek het | | |
| 2.8.3 | A – houtkoper en eienaar van die winkel | | |
| 2.8.4 | C – die meubelmaker van Swellendam | | |
| 2.8.5 | B – het Patterson uit die bos help dra | (5) | 2 |
| 2.9 | | | |
| 2.9.1 | Saul Barnard (naam en van) | (1) | 1 |
| 2.9.2 | wit-els | (1) | 1 |
| 2.9.3 | skole | (1) | 1 |
| 2.9.4 | ma | (1) | |
| 2.10 | B / Saul gaan leen 'n geweer by Maska om Oupoot te skiet.<br>A / Saul wil omdraai, maar die gedagte dat Freek Terblans Oupoot gaan skiet, laat hom voortgaan.<br>D / Saul loop vir Maska raak wat hom probeer oorreed om om te draai.<br>C / Saul besef dat Oupoot hom Meulbos toe lei waar die grootste skade deur die delwers aangerig is. | (4) | 3 |
| 2.11 | | | |
| 2.11.1 | Hy gaan 'n houtkoper word / wil 'n meubelmakery begin. | (1) | 1 |
| 2.11.2 | Jozef kan die hout lewer✓ en Izak kan leer meubels maak. | (2) | 1 |
| 2.11.3 | Abraham Steyn | (1) | 1 |
| 2.12 | • Saul ervaar hierdie innerlike tweestryd al vandat hy veertien was.<br>• Sy gedagtes en gevoelens was die hele tyd deurmekaar.<br>• Hy wonder of hy by 'n plek moet bly of weggaan.<br>• Hy was aan die een kant baie lief vir Kate en aan die ander kant was hy kwaad vir haar.<br>• Hy het ook baklei teen sy gevoel vir Oupoot toe hy besef het dat hy Oupoot moes skiet. | (5) | 3 |
| 2.13 | Hy het vir Maska gestuur om te kyk of alles by Saul reg was. | (1) | 2 |
| | | **[35]** | |

**VRAAG 3: Opstelvraag**

**DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver**

**Sien aangehegte rubriek.**

**Inleiding**

- **Verhouding tussen Gavin en Mana**

  Gavin is Hanna se biologiese pa en is gay.

  Op ’n dag wou Hanna se ma ’n kind hê en besluit toe om met Gavin te trou.

  Hy het vreemde gewoontes soos om grimering te dra en om sy hare te kleur.

  Hy is ’n trendy tipe persoon. Hanna is glad nie so nie en voel sy is vir Gavin ’n teleurstelling. Gavin is vrolik en die siel van elke partytjie. Gavin voel sleg, omdat hy nie ’n goeie pa was nie. Hy dink Hanna is perfek en fabulous.

  Hy bring vir Hanna slangvelbroeke uit Engeland om te dra. Mana is Hanna se ma en het haar gay vriend as pa vir Hanna gekies. Sy en Gavin is later geskei.

- **Verhouding tussen Hanna en Mana**

  Sy is Hanna se ma, sy hou daarvan as Hanna haar op haar naam noem. Hanna dink haar ma is eksentriek, want haar ma dink dit is sleg vir jou gesondheid om normaal te wees. Sy is ’n skilder en is baie lief vir haar kinders. Sy dra glad nie grimering nie en Mana sorg goed vir haar gesin. Sy speel met haar kinders en sorg vir ’n gerieflike huis wat almal bly sal maak. Mana is baie lief vir Hanna en aanvaar haar sonder voorwaardes.

- **Verhouding tussen Beyers en Mana**

  Beyers en Mana sorg goed vir hulle gesin en hy help sodat almal mekaar kan leer ken. Beyers is ’n goeie man, hy ondersteun vir Hanna en motiveer haar om te skryf. Mana en Beyers het ’n babatjie aan die einde van die verhaal.

- **Verhouding tussen Hanna en Tibo**

  Tibo is agt jaar oud en te oud vir sy ouderdom. Hy speel nie rugby nie, veel eerder met Action Man-poppe. Hy is Hanna se boetie en van ’n proefbuispa, hy voel hy is vervaardig, nie geskep nie. Hy irriteer vir Hanna en sy ander gesinslede. Hy wil meer van sy pa weet. Hanna dink sy is beter af as Tibo, want Tibo het ’n pa van glas. Tibo is Hanna se halfbroer.

- **Verhouding tussen Hanna en Fabienne**

  Fabienne is ook vyftien jaar oud en ’n persoon wat Hanna in haar verbeelding geskep het. Sy word Hanna se alter ego. Fabienne se lewe is ’n reguit lyn van geluk en van ’n normale gesin waar Hanna haar lewe as een met ’n laslapgesin sien. Fabienne word alles wat Hanna graag wil wees. Hanna se ma is ’n skilder en eksentriek en Fabienne se ma trek netjies aan en Fabienne het ’n goeie verhouding met haar ouers. Fabienne is aantreklik en die seuns hou van haar. Sy en haar familie hou luukse vakansies en Hanna en haar gesin hou vakansie in ’n berghut.

**Slot** **[35]**

## VRAAG 4: Kontekstuele vraag

## DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver

| NR. | MEMORANDUM | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 4.1 | Haar pa is deur sy eie tandartsstoel doodgeskok. | (1) | 1 |
| 4.2 | Sy is vyftien jaar oud en geskep uit Hanna se verbeelding.<br>• Fabienne se lewe is gelukkig.<br>• Haar pa is ’n tandarts wat baie geld verdien.<br>• Haar ma trek netjies aan en werk nie.<br>• Fabienne het mooi tande en het nog nooit voor keuses te staan gekom nie.<br>• Sy het een suster, Camille en hulle het ’n goeie verhouding.<br>• Fabienne is aantreklik en die seuns hou baie van haar.<br>• Fabienne het goeie selfbeheersing en vat alles wat die lewe na haar kant toe gooi.<br>• Sy en haar gesin hou luukse vakansies en bly in ’n argitekontwerpte huis.<br>(ENIGE VYF) | (5) | 3 |
| 4.3 | Gavin is ’n moderne tipe mens en die siel van enige partytjie en Hanna is vir hom ’n teleurstelling. Hy voel skuldig, omdat hy nie ’n beter pa vir Hanna is nie. Hy dink Hanna is perfek en “fabulous” en aan die einde van die verhaal besef Hanna wat ’n wonderlike pa sy het. (ENIGE TWEE FEITE) | (2) | 3 |
| 4.4.1 | Onwaar | (1) | 1 |
| 4.4.2 | Margot maak net asof sy ’n aktrise is, maar sy is eintlik ’n aërobiese instruktrise. | (1) | 1 |
| 4.5 | | | |
| 4.5.1 | C – Kan lekker speletjies speel | | |
| 4.5.2 | E – Is ’n persoon sonder pretensie en dra nie grimering nie | | |
| 4.5.3 | A – Dra grimering en het “geperokside” hare | | |
| 4.5.4 | B – Aantreklik en tree graag as seremoniemeester op | | |
| 4.5.5 | D – Koning van die oerwoud en glo nie daaraan om “nice” te wees nie. | (5) | 2 |
| 4.6 | | | |
| 4.6.1 | Onwaar | (1) | 1 |
| 4.6.2 | Haar gesin het die naam vir haar gegee, omdat sy altyd alles bevraagteken / Sy vra altyd hoekom. | (1) | 3 |

4.7

| | **Beyers** | **Fabienne se pa** | | |
|---|---|---|---|---|
| Beroep | Akteur / radio-omroeper / televisie-aanbieder / voorleser | Tandarts | | |
| Gevoel en optrede | Hy ondersteun Hanna in haar ideaal om te skryf en sorg goed vir sy gesin | Goeie verhouding tussen Fabienne en haar pa – hulle het 'n gelukkige lewe | (4) | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.8 | | | |
| 4.8.1 | Onwaar | (1) | 1 |
| 4.8.2 | Hy is hartseer, sy ma bly ver weg in Amerika. Hy is Hanna se stiefbroer. | (2) | 2 |
| 4.9 | Margot hou baie van Hanna en glo dat sy die vermoë het om 'n goeie skrywer te word. | (2) | 2 |
| 4.10 | | | |
| 4.10.1 | Tibo | | |
| 4.10.2 | halfbroer/proefbuisbroer | | |
| 4.10.3 | twee | | |
| 4.10.4 | gesondheid | (4) | 1 |
| 4.11 | | | |
| 4.11.1 | Waar | (1) | 1 |
| 4.11.2 | Hanna besef teen die einde van die verhaal dat sy 'n wonderlike pa het en skryf 'n roman oor 'n gemiddelde vaal meisiekind met 'n onwaarskynlike ma en 'n nog onwaarskynliker pa. | (1) | 1 |
| 4.12 | C – die donker kant van Hanna | (1) | 2 |
| 4.13 | Dit help soms vir die gewone mens om te besef wat normaal/reg en verkeerd is. (Enige eie opinie wat verband hou met verbeeldingsvlugte en die skep van 'n alter ego.) | (1) | 2 |
| 4.14 | Hanna kon 'n droombeeld groet en haar eie lewe aanvaar en vrede maak daarmee. | (1) **[35]** | 3 |

**VRAAG 5: Opstelvraag**

**MEEULANDERS – Esta Steyn**

**Sien aangehegte rubriek.**

**Inleiding**

- **Ryna van Rensburg se naam verander.**
  Sy was Camilla Calvin en sy sê haar verlede is weg. Die leser wonder waarom sy dit doen. Ronnie is deel van Ryna se verlede en hy is haar seun. In die aande droom sy van hom en dat daar 'n brand in haar huis is. Dan onthou Ryna dat sy nie 'n huis of mense het nie.

- **Vincent se finansiële probleme**
  Hy is Ryna se man en het baie dinge vir haar weggesteek. Hy het finansiële probleme en raak toe betrokke by dwelmsmokkelary. Sy rekenmeester Henning van Hagen lieg ook vir Ryna.

- **Jacob Langhans, Jannerik Kalper en Ryna**
  Hierdie drie mense deel die grootste geheim in die roman. Jannerik se dogter sterf toe haar dogtertjie gebore word. Hy neem die dogtertjie Meeuland toe. In dieselfde tyd skenk Elsabet geboorte aan 'n dogtertjie wat doodgaan. Jacob, Jannerik en Ryna besluit om die twee babas om te ruil en dit geheim te hou. Ryna ontdek later 'n briefie waarin Kinnie sê dat Fred Janka se pa is en Ryna vertel dit later vir Fred. Sy laat Fred belowe om nooit vir Jannerik en Jacob hiervan te vertel nie. Ryna voel skuldig oor hierdie geheim, want sy dink die rede hoekom Elsabet so ongelukkig is, is omdat sy na bloedbande soek wat nie daar is nie.

- **Doreen Binderman se hunkering na Jason Peters**
  Jason kom na Doreen se huis om haar van sy gevoel vir haar te vertel. Doreen vra hom om nooit weer daaroor te praat nie. Sy is bang, want sy dink Ousanna is alsiende en wil nie in die huis ingaan nie. Haar geheime gevoel vir Jason word nooit 'n werklikheid nie. Doreen bedank as onderwyseres en moet vir die res van haar lewe met haar man se wantroue saamleef.

- **Matthys Langhans, Skalla Blanckenberg en Billy se duister dinge**
  Hulle smokkel met kreef. Matthys word gevang en tronk toe gestuur. Skalla ken baie ander mense se geheime en is die oorsaak dat Janka raakgeskiet word as sy skelmstreke skeefloop. Jacob steek hom aan die einde dood.

- **Ousanna Siener**
  Sy ken baie karakters se geheime. Sy kan partykeer in die toekoms sien en hulle voor die tyd waarsku. Na Sheila se dood voel dit vir haar of 'n pyl haar deurboor het en dit is 'n pyl wat baie mense gaan seermaak. Sanna het voor die tyd geweet iets gaan met Janka gebeur.

  **Slot** **[35]**

**VRAAG 6: Kontekstuele vraag**

**MEEULANDERS – Esta Steyn**

| **NR.** | **MEMORANDUM** | **PUNT** | **VLAK** |
|---|---|---|---|
| 6.1 | Jakob en Elsabet se baba (dogtertjie). | (1) | 1 |
| 6.2 | Hulle gaan van die eiland na die (vaste)land toe. | (1) | 2 |
| 6.3 | A / Meeuw | (1) | 1 |
| 6.4 | B / Navorsing vir 'n boek oor kusvoëls te doen. | (1) | 1 |
| 6.5 | B / Hy gaan weer by Fred-hulle se fabriek werk. | (1) | 1 |
| 6.6 | • Verander haar naam van Camilla Calvin na Ryna van Rensburg.<br>• Sy verruil Kaapstad vir 'n klein Weskus-eiland.<br>• In Kaapstad het sy 'n weelderige lewe gehad.<br>• Maak haar elke dag mooi en dra grimering.<br>• Haar man het haar bederf.<br>• Die eilandlewe was moeiliker en sy moes self gaan water haal en vuur maak vir warm water en kos.<br>• Ryna het haar weelderige stadslewe vir 'n eenvoudige lewe op die eiland verruil. | (5) | 3 |
| 6.7 | | | |
| 6.7.1 | Onwaar | (1) | 1 |
| 6.7.2 | Sy is verlam na 'n motorongeluk. | (1) | 1 |
| 6.8 | | | |
| 6.8.1 | Waar | (1) | 1 |
| 6.8.2 | Elsabet het haar nog "Ma" genoem en by haar gaan kuier. | (1) | 1 |
| 6.9 | | | |
| 6.9.1 | D / Janka | (1) | |
| 6.9.2 | C / Jannerik | (1) | |
| 6.9.3 | E / Matthys | (1) | |
| 6.9.4 | A / Attie | (1) | |
| 6.9.5 | B / Jacob | (1) | 1 |
| 6.10 | | | |
| 6.10.1 | Kreef | | |
| 6.10.2 | Tjop Tredoux | | |
| 6.10.3 | dertig | | |
| 6.10.4 | Pollsmoor | (4) | 1 |
| 6.11 | | | |
| 6.11.1 | Onder Matthys se werkstoonbank (onder die werksafdak). | (1) | 1 |
| 6.11.2 | 'n Tweebalie-wasmasjien met 'n spin | (1) | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.12 | B / Ryna se man, Vincent, en hulle seun, Ronnie, sterf in ’n brand.<br><br>A / Ryna beland in ’n kliniek omdat sy so depressief is.<br><br>D / Prof. Van Keulen reël dat Ryna op ’n guano-eiland gaan navorsing doen.<br><br>C / Ryna gee ’n boek uit oor die gewoontes van kusvoëls. | (4) | 2 |
| 6.13 | | | |
| 6.13.1 | Senior Primêr Departementshoof | (1) | 1 |
| 6.13.2 | Jason Peters | (1) | 1 |
| 6.14 | | | |
| 6.14.1 | Ousanna (Jannerik se blinde suster) | (1) | 1 |
| 6.14.2 | Jacob moet nog tronkstraf uitdien vir die moord op Skalla. | (1) | 2 |
| 6.15 | | | |
| 6.15.1 | Jacob gee Ryna drie maande om op die eiland uit te hou, maar sy bly dan uiteindelik drie jaar. | (1) | 3 |
| 6.15.2 | Hulle voel vyandig teenoor mekaar/baie gespanne. | (1) | 3 |
| | | **[35]** | |

## AFDELING B: DRAMA

**VRAAG 7: Opstelvraag**

**POPPIE, DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

**Sien aangehegte rubriek.**

**Inleiding**

- **POPPIE**

  Poppie is gedoop Ntombizoduo Rachel Regina en is die protagonis/held/hoofkarakter in die drama. Poppie word deur haar en ander karakters se vertellings geteken as ’n sterk vrou “uit ’n geslag van groot vroue”.

  Poppie kom uit ’n geslag van groot en sterk vroue soos grootouma Kappie en ouma Hannie en in die loop van die drama word Poppie ook so ’n sterk vrou wat haar man en gesin aanhou versorg ten spyte van haar swaarkry en stryd om oorlewing. Mosie sê aan haar: “Wanneer het ek jou gesien dat jy nie sterk is nie?”

  Sy is wanhopig oor die stelsel waarin sy vasgevang is. Sy staan in lang toue om selfs net ’n tydelike pasverlenging te kry sodat sy kan aanhou werk in die Kaap en so vir haar kinders kan sorg. Sy dring elke keer aan dat hulle skool toe moet gaan en geleerdheid moet kry.

**Poppie word ’n slagoffer van ’n onmenslike sisteem wat van haar** ’n hawelose/ontheemde/ontwortelde mens maak wat nie in haar bekende wêreld mag bly nie. Sy swerf/trek van plek tot plek, van huis na huis en na verskillende kantore om ’n woonplek te kry. Sy trek van Lambertsbaai na die Kaap waar sy op verskeie plekke woon en werk, daarna na Mdantsane en uiteindelik weer terug Kaap toe waar sy aan die begin sonder ’n pas gaan werk.

Sy is ’n sterk vrou wat ten spyte van haar swaarkry tog voortgaan met haar en haar kinders se lewe. As Poppie in Mdantsane aankom en voel dat almal haar verlaat het, dat die “hulle”, die pasbeamptes, haar weggeneem het van alles wat vir haar dierbaar is, is sy ontsettend ontsteld en eensaam. Dan sê sy egter: “Hulle kan doen wat hulle wil maar ek is nog nie afgedood nie. Nou gaan ek vorentoe.” (bl. 46.) Hier is sy die vegter wat nie sommer opgee nie.

Poppie het jare se vernedering verduur sodat sy haar kinders kon help om verder in die lewe te kom. Sy is die aartsmoeder, slagoffer van haar omstandighede, van die apartheidswette, en magteloos teen geregtelike en sosiale sisteme wat haar keer om te woon waar sy wil. Sy is ’n vreemdeling onder haar eie mense omdat sy die enigste kind van haar ma is wat nie in die Kaap mag bly nie omdat sy met ’n Xhosa uit die Ciskei getroud is. Sy is uiteindelik moeg baklei vir haar reg om in die Kaap te bly en raak baie gespanne en moeg. Tog bly sy tot aan die einde ’n vegter.

Poppie is die simbool of verteenwoordiger van duisende ander vroue wat hulle in soortgelyke omstandighede bevind. Haar geskiedenis is ’n daaglikse stryd teen die onregverdige en onmenslike stelsel. Dit veroorsaak eindelose vernedering en lyding. Sy, soos so baie ander, lewe nie regtig nie, maar voer elke dag ’n bestaanstryd.

Sy is vasgevang in die noodlot. Poppie as ’n enkeling kan nie teen die magtige stelsel veg nie.

Die konflik tussen stadsmense en die kontrakwerkers het Poppie baie gepla. Dit kan wys op die innerlike konflik in haar: sy is ’n Westerse stadsmens, maar het ook deur haar ouma Hannie grootgeword in die stamtradisie van die Xhosa. Volgens Elsa Joubert word Poppie dus ook ’n simbool van so baie Afrikaners, swart en wit, wat verskeurd is tussen die Westerse rede en die meer instinktiewe Afrika.

Elsa Joubert sê Poppie, die slagoffer van die onmenslike apartheidswette, het vir haar die mens agter die onbekende geword. ’n Mens kan byvoeg, die vrou wat jy beter leer ken het en nou beter verstaan.

- **Jakkie die tritagonis en die aanstigter van geweld**

Jakkie is die tritagonis wat teen die onderdrukkende wette in opstand kom. Hy staan dus tussen Poppie, as simbool van alle vrouens wat die slagoffer en lyers van die onderdrukkende wette geword het, en die wette en onderdrukking van die staat.

Van die begin af toon hy ontevredenheid met die paswette. Jakkie kry vir die eerste keer ’n spreekbeurt waar die Xhosas aangesê word om Lambertsbaai te verlaat. Jakkie se kommentaar hieroor was: “Die mense was baie ontevrede”.

Ons ontmoet hom weer in 1960 toe Plank deur die polisie uit die hoenderhok gehaal word en Jakkie saam met die kinders lag en geen respek vir hom het nie. Later in 1976 toe Jakkie, die leier van die kinders was, vang en slaan hy en die kinders vir Plank omdat laasgenoemde dronk was. Hy en die kinders was besig met ’n veldtog teen volwassenes/grootmense wat drink en so hulle kinders verwaarloos en nie skool toe stuur nie. Die grootmense kom sonder geld by die huis omdat hulle geld gesteel word as hulle dronk is. Jakkie en die kinders het ook biersale en sjebeens afgebrand omdat hulle gevoel het dis die oorsaak van al die probleme. Mosie insinueer dat Jakkie slim is, want hy het altyd sy “briefcase langs hom”. Mens hoor dan ook dat dit Jakkie se ideaal is om ’n predikant te word. Dit maak sin, want hy het die vermoë om mense te oortuig, en tot aksie oor te haal.

Jakkie baklei/veg teen die onderdrukkende apartheidswette wat hy onder meer goed leer ken as broer van Poppie wat daaronder ly. Hy tree na vore as ’n leier van die Comrades in 1976 tydens die onluste oor al die onregte van Apartheidsregering. Hy lei die kinders wat optogte hou en skole en busse brand.

Hy verklaar aan Poppie dat die ouer mense al moeg is om te veg vir oorlewing, maar dat hy nog nie moeg is nie en nie sal rus voordat daar geregtigheid heers nie. Volgens hom baklei hy vir Poppie wat so swaar kry, sodat sy deel van ’n beter land kan word. Hulle sal almal veg totdat almal in die tronk is – “dat hulle die hele lokasie ’n jail moet maak”. Sy desperaatheid vir beter toestande maak hom fatalisties. Hy sê byvoorbeeld: “Cause why, we waiting to die”.

Die gevegte teen die trekarbeiders begin op Kersdag 1976 omdat hulle nie met die opstand teen die drank en regering wil help nie. Jakkie word ’n paar keer in hegtenis geneem.

Jakkie word weer gejaag, skuil in ma Lena se huis en skiet ’n polisieman wat wel herstel. Maar van toe af is die veiligheidspolisie op sy spoor, want hy word beskuldig van moord en sabotasie. Hy ontvlug na Mdantsane waar hy Bonsile, Poppie se seun, vra om hom te help om na Basoetoeland te ontsnap. So word Poppie se kinders, wat sy teen die geweld wou beskerm, ook by die opstande betrek.

Jakkie ontwikkel as karakter, al word slegs een kant van hom gewys. Hy word sterker as leier en vryheidsvegter wat veral as gevolg van Poppie se swaarkry vir die onderdruktes opstaan en vir hulle regte veg.

- **Leerder se eie opinie**

Moet fokus op reg tot onderwys
Kan kies waar hy/sy wil skoolgaan
Kwaliteit onderwys
Woon skool gereeld by om dankbaarheid te betoon
Doen gereeld skoolwerk om sukses te behaal
Moet sukses van sy/haar lewe maak
EN / OF
Nie die geleentheid vir ’n kans op ’n matriek laat verbyglip nie. **[35]**

**VRAAG 8: Kontekstuele vraag**

**POPPIE, DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

| NR. | MEMORANDUM | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 8.1 | C – Musiek | (1) | 1 |
| 8.2 | B - toneelaanwysings | (1) | 1 |
| 8.3 | | | |
| 8.3.1 | Onwaar | (1) | 1 |
| 8.3.2 | Oompie Pengi het die hoë stamneus by Grootouma Kappie geërf. | (1) | 1 |
| 8.4 | D – Toneelruimte | (1) | 2 |
| 8.5 | | | |
| 8.5.1 | Hy moes lobola betaal vir Poppie/lobola. | (1) | 1 |
| 8.5.2 | Nee | (1) | |
| 8.5.3 | Stone kom van Herschel in die Ciskei/Poppie is nie gewoond aan plattelanders wat nog vasklou aan stamtradisies nie. | (1) | 1 |
| 8.6 | | | |
| 8.6.1 | Hulle is Xhosas en mag volgens die nuwe landswette nie meer in Lambertsbaai bly woon nie. | (1) | |
| 8.6.2 | (a) Wie haar oorle baba se graf gaan versorg | (1) | |
| | (b) Waar hulle ’n huis sou kry | (1) | |
| 8.7 | | | |
| 8.7.1 | B – Stone Nongena | | |
| 8.7.2 | D – Jakkie | | |
| 8.7.3 | A – Poppie | | |
| 8.7.4 | E – Pasbeampte | | |
| 8.7.5 | C - Bonsile | (5) | 1 |
| 8.8 | | | |
| 8.8.1 | Prieska | | |
| 8.8.2 | Upington | | |
| 8.8.3 | Lambertsbaai | | |
| 8.8.4 | Herschel | | |
| 8.8.5 | Nyanga | | |
| 8.8.6 | Mdantsane | | |
| 8.8.7 | Telegram | (7) | 1 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 8.9 | | | | |
| 8.9.1 | E. Poppie se seuntjie word gebore, maar sterf op vyf maande.<br>C. Wet : Xhosas veral vrouens en kinders mag nie meer in Lambertsbaai bly nie.<br>A. Poppie kry werk by Mrs. Scoombie, maar die ure is baie lank.<br>B. Bonsile veroorsaak dat 'n swak meisie swanger raak.<br>F. Die kinders se rol in die 1976-opstande begin. Hulle drink, brand skole en biersale af, maak petrolbomme en word deur die polisie geskiet.<br>D. Jakkie skiet 'n polisieman en vlug. | (6) | 1 |
| 8.10 | | | |
| 8.10.1 | Onwaar | (1) | 1 |
| 8.10.2 | "Die youngsters praat nie met ons nie. Hulle sê ons grootmense is dié wat die draad gegee het, ons het die witmense ... ons" | (1) | 2 |
| 8.10.3 | B – Kinders se respek vir volwassenes en ouers verminder | (1) | 3 |
| 8.10.4 | Gewoon/'n mengsel/van Afrikaans en Engels tiperend van hoe dit in dié townships gepraat word | (1) | 3 |
| 8.10.5 | Kinders | (1) | 3 |
| 8.10.6 | Klimaks | (1) | 3 |
| | | **[35]** | |

**VRAAG 9: Opstelvraag**

**PALJAS – Chris Barnard**

**Sien aangehegte rubriek.**

**Inleiding**

- **Hendrik**
  Hy het nie sukses in sy werk behaal nie en voel gefrustreerd. Hy dink Katrien is nie meer lief vir hom nie en dat sy Frans liefhet. Dit maak hom ongelukkig. Hy voel skuldig en dink dat hy 'n mislukking is, want hy het nie genoeg geld om materiële dinge vir sy gesin te gee om die lewe makliker te maak nie. Sy ou motor breek die heeltyd en Katrien moet geld wegsteek as sy iets moois wil koop. Hy is ongeduldig met Katrien, Emma en die sirkusmans. Hy sê self dat hy te veel praat. Oudokter sê hy probeer die wêreld "reg raas". Baie keer sê en doen hy dinge, omdat hy bekommerd is oor sy kinders en hy wil hulle beskerm. Hy probeer altyd sy bes en is pligsgetrou. Hy droom oor ver plekke en romantiese dinge.

- **Katrien**
  'n Baie aantreklike vrou waarop mans maklik verlief raak. Sy is baie lief vir Hendrik, maar Frans is verlief op haar. Sy voel Hendrik verstaan haar nie en tree verkeerd op teenoor hulle kinders en dit maak haar ongelukkig. Sy is baie eensaam, maar sy bly getrou aan Hendrik. Sy het sterk morele waardes en haar groot bekommernis is Willem se sielkundige probleem. Sy is 'n goeie ma.

- **Willem**
  Hy is ’n sensitiewe seun wat deur sy ouers se bakleiery en hulle ongelukkige verhouding trauma beleef. Hy wil so graag hê sy ouers moet lief wees vir mekaar. Deur hierdie trauma hou hy op met praat, want hy is bang en verskrik. Hy beleef die toestand al vir twee jaar. Manuel, die nar raak maats met hom en as hy agterbly as die sirkusmense wegtrek, sorg Willem vir hom waar hy in die skuur bly. Hierdie vriendskap en die nar se toertjies laat hom weer lag en hy begin weer praat. Willem is kunstig. Deur Willem wat weer praat, is die gesin gelukkiger en Emma begin weer klavier speel.

- **Emma**
  Sy is jonk en onskuldig en het geen ondervinding van verhoudings met mans nie. Sy dink ’n huwelik is nie goed nie, want kyk wat doen dit aan haar ma en pa. Sy weet nie of sy ooit wil trou nie. Sy voel eensaam, omdat hulle so afgesonder op ’n stasie bly. Sy het ’n sterk persoonlikheid en opponeer haar pa. Haar buierigheid laat haar oorreageer as haar pa oor Nollie praat. Sy gaan stap altyd alleen in die veld as sy in ’n slegte bui is.

  **Slot** **[35]**

**VRAAG 10 Kontekstuele vraag**

**PALJAS – Chris Barnard**

| **NR.** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
|---|---|---|---|
| 10.1 | D – ontsteld en teleurgesteld | (1) | 1 |
| 10.2 | | | |
| 10.2.1 | Hy is bejaard/oud/rustig/vaderlik. (ENIGE EEN) | (1) | 1 |
| 10.2.2 | Hy vra Willem om buite die spreekkamer te wag, hy wil alleen met Hendrik praat. | (1) | 1 |
| 10.2.3 | Vir Hendrik | (1) | 2 |
| 10.2.4 | ’n Angstoestand/Hy moes vir iets geskrik het/Hy is bang vir iets/Hy het dalk iets gesien wat hy nie kan verwerk nie. | (1) | 1 |
| 10.2.5 | Oudokter sê Willem moet ophou om die wêreld te probeer reg raas. | (1) | 3 |
| 10.3 | ’n Nar is juis iemand wat sy uiterlike verander en iemand anders word en dit is wat hy met Willem wil doen. | (1) | 3 |
| 10.4 | B – tema | (1) | 1 |
| 10.5 | | | |
| 10.5.1 | Twintig jaar gelede | (1) | 1 |
| 10.5.2 | Hy sê hier is niemand wat Katrien van hom probeer wegvat nie. | (1) | 1 |
| 10.5.3 | Hy vee die verf van sy gesig af en teken ’n kol op elkeen van sy pa se wange. | (1) | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 10.6 | | | |
| 10.6.1 | Waar | (1) | 1 |
| 10.6.2 | Ja. Die MacDonalds tree oor die brug van onverdraagsaamheid en versoening en geluk word weer deel van hulle lewe/Die nar, Manuel herstel hulle gesinsverhouding. | (1) | 3 |
| 10.7 | C – geweer | (1) | 1 |
| 10.8 | | | |
| 10.8.1 | C – Die ruimte waarbinne die verhaal afspeel | (1) | 2 |
| 10.8.2 | A – Die motoriese moment | (1) | 2 |
| 10.8.3 | B – Die finale klimaks of hoogtepunt van die verhaal | (1) | 2 |
| 10.8.4 | D – Ontknoping of die afloop van die verhaal | (1) | 2 |
| 10.9 | | | |
| 10.9.1 | Agtien | (1) | 1 |
| 10.9.2 | Nollie | (1) | 1 |
| 10.9.3 | Willem | (1) | 2 |
| 10.10 | | | |
| 10.10.1 | Onwaar | (1) | 1 |
| 10.10.2 | Die dominee vra vir Broer Bothma om die grapmaker te verwyder. | (1) | 1 |
| 10.11 | | | |
| 10.11.1 | Onwaar | (1) | 1 |
| 10.11.2 | Die toneelaanwysings vorm deel van wat die karakters moet doen en hoe hulle moet optree. | (1) | 2 |
| 10.12 | C – Die sirkusmense het later met ’n gehawende minibus en woonwa daar aangekom.<br>B – Nollie sien hoe Bertie vir Emma teen ’n trok vasdruk.<br>D – Frans verklaar sy liefde aan Katrien.<br>A – ’n Argument ontstaan tussen Frans en Jan Mol, wat uitloop op ’n woeste gestoeiery. | (4) | 2 |
| 10.13 | Hierdie deel van die Karoo was vroeër volstruiswêreld en die boere het baie ryk geword uit die volstruisvere. Hulle het volstruispaleise gebou en het ’n luukse en uitspattige lewe geleef. Toe die volstruisbedryf tot niet gaan, het baie boere bankrot gespeel en alles verloor. Die Volstruisdans is ’n teruggryp na die verlede, ’n onthou van die dae toe dit goed gegaan het. Vandag is daar nog net Karookoppies en skape oor. Die dans is ’n tradisie uit vroeër dae en dit is ’n teruggryp na die tyd van voorspoed en geld. | (5) | 3 |
| 10.14 | Dat hy die sirkus mis/Hy verlang na die groot tent. | (1) | 3 |
| | | **[35]** | |

## AFDELING C: KORTVERHALE

**VRAAG 11: Opstelvraag**

**STORIEJOERNAAL: Mutsuksu –** Izak de Vries

**Sien aangehegte rubriek.**

**Inleiding**

**Die ruimte waarin hy leef**

- Die omgewing word baie armoedig uitgebeeld.
- Duidelike beeld van meneer Ndou se armoedige wêreld
- Meneer Ndou woon in ’n gehuurde sinkkaia.
- Sy kos word buite op ’n vuur gemaak.
- Die staatshospitale se badkamers is vuil en verwaarloos.
- Die kantore waar hy sy pensioen moet kry, dui op agteruitgang.
- Die hospitaaltuine gaan agteruit.
- Alles dui op agteruitgang.

**Meneer Ndou se uiterlike voorkoms.**

- Hy is ’n baie netjiese man.
- Hy sorg dat sy klere skoon en gestryk is.
- Hy dra ’n hoed wat op sy waardigheid wys.
- Hy maak sy skoene met politoer blink.

**Meneer Ndou se karaktereienskappe:**

- Meneer Ndou is ’n goed georganiseerde, netjiese en presiese mens.
- Sy karakter word openbaar deur sy persoonlike krisis toe sy pensioen nie uitbetaal het nie.
- Hy is ’n baie waardige man en word gerespekteer, daarom word hy meneer Ndou in die storie genoem.
- Hy dink altyd eerste aan sy hond en nooit aan homself nie.
- Hy is onselfsugtig en altyd die minste.
- Hy het ook deursettingsvermoë en gee nooit moed op nie.
- Hy is baie trots en vra by niemand hulp nie.
- Die mense moet ook nie sien dat hy huil nie.
- Hy openbaar positiewe lewenswaardes.

.

**Innerlike konflik wat hy ervaar:**

- Meneer Ndou ervaar innerlike konflik oor die vraag of hy eerste aan homself moet dink of aan Mutsuku.
- Hy is baie bekommerd oor sy geld wat hy baie nodig het om vir hom en Mutsuku te sorg.
- Sy innerlike stryd is baie erg omdat hy soveel omgee vir sy hond en nie wil hê die hond moet doodgaan nie.
- As Mutsuku seergemaak word, lê meneer Ndou saam met hom op die grond.
- Hy maak tot homself seer sodat die hond antibiotika kan kry.

**Uiterlike konflik:**

- Daar is konflik met die regeringsamptenare wat nie die pensioengeld uitbetaal nie.
- Die konflik wanneer kriminele meneer Ndou se huisdeur oopskop, ’n sak oor sy kop trek, sy hond seermaak en sy sak mieliemeel steel, is werklik.
- Daar is konflik met die bure se kinders wat vir hom lag as hy hulle hulp vra om vir hom avokado’s uit die boom te kry in ruil vir hout.
- Daar is konflik met die dokter wat hom in die hospitaal wil laat bly terwyl hy huis toe wil gaan om Mutsuku te versorg.
- Sy karakter word openbaar deur sy persoonlike krisis toe sy pensioen nie uitbetaal het nie.
- Hy is ’n baie waardige man en word gerespekteer, daarom word hy meneer Ndou in die storie genoem.

**Slot** **[35]**

**VRAAG 12: Kontekstuele vraag**

**STORIEJOERNAAL: Ek is jammer – E.K.M.Dido**

| **NR.** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
|---|---|---|---|
| 12.1 | Die graf (waar Dingo begrawe is) | (1) | 2 |
| 12.2 | Dis ’n klein en nederige huisie. | (1) | 2 |
| 12.3 | Met sy ma | (1) | 1 |
| 12.4 | Sewentien(17) jaar oud | (1) | 1 |
| 12.5 | C – Charlie gee vir Mike en Dingo hits by die dans.<br>A – Charlie weet nie dat daar fout met Dingo is nie, want hy gaan dans.<br>D – Dingo se asemhaling klink soos iets wat sy gorrel toedruk.<br>B – Mike hardloop weg omdat hy bang vir sy pa is. | (4) | 2 |
| 12.6 | | | |
| 12.6.1 | Die (skywe) tik wat hulle gerook het / tik | (1) | 1 |
| 12.6.2 | dans | (1) | 1 |
| 12.6.3 | Mike voel dat hy die oorsaak van Dingo se dood is omdat hy weggehardloop het en ’n baie siek Dingo net so gelos het. | (1) | 1 |
| 12.7 | | | |
| 12.7.1 | Onwaar | (1) | |
| 12.7.2 | Hy bly by ’n tannie. | (1) | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 12.8 | | | |
| 12.8.1 | D – Mike se pa | | |
| 12.8.2 | C – Hulle is nie by die skool nie. | | |
| 12.8.3 | B – Mike blameer homself vir Dingo se dood. | | |
| 12.8.4 | E – Die uitwerking van tik op Mike | | |
| 12.8.5 | A – Hy word gedwing om na ’n kerkprogram op TV te kyk. | (5) | 1 |
| 12.9 | | | |
| 12.9.1 | pastoor | (1) | 1 |
| 12.9.2 | tannie | (1) | 1 |
| 12.9.3 | skool | (1) | 1 |
| 12.10 | C – Sy oë het so groot soos pierings geraak. | (1) | 1 |
| 12.11 | B – Derdepersoonsverteller | (1) | 1 |
| 12.12 | | | |
| 12.12.1 | Charlie se ma | (1) | 1 |
| 12.12.2 | Sigarette (Hy het nie weer gerook nie.) | (1) | 2 |
| 12.13 | D – Mike, Charlie en die gemeenskap | (1) | 2 |
| 12.14 | Charlie gebruik sleng soos “hits”, “kaia” en “bra”.<br>Hy gee ook nie om om te vloek nie.<br>In kontras daarmee praat Mike ’n suiwer Afrikaans.<br>Hulle het dieselfde vriende en is by dieselfde skool.<br>Die verskil in hul taal moet aan hul gesinslewe toegeskryf word.<br>Mike se pa is ’n pastoor en praat daarom ’n formeler taal by die huis.<br>Mike se agtergrond speel met ander woorde ’n rol in sy taalgebruik.<br>Charlie woon by ’n tannie en rook tik saam met die ouens op die straathoeke en dit kan lei tot ’n informeler taalgebruik. | (5) | 3 |
| 12.15 | | | |
| 12.15.1 | Waar | (1) | 2 |
| 12.15.2 | Hy het nooit weer aan tik of ander dwelms geraak nie./Hy het nie weer sigarette gerook nie. | (1) | 2 |
| 12.16 | Hulle doen presies die teenoorgestelde van wat hulle sê hulle gaan doen./In plaas van plesier, loop dit uit op hartseer-Dingo se dood. | (1) | (3) |
| 12.17 | Dwelmgebruik kan tot die dood lei/Berou kom gewoonlik te laat/Dis nooit te laat om met die waarheid uit te kom nie. | (1) | 3 |
| | | **[35]** | |

## AFDELING D: GEDIGTE

### VRAAG 13: Kontekstuele vraag

**VERSJOERNAAL:**

| VR. | MEMORANDUM | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 13.1 | Talle<br>een | (2) | 1 |
| 13.2 | B – Vir elke situasie het ons metafories ’n ander tong. | (1) | 2 |
| 13.3 | D – stilbly | (1) | 2 |
| 13.4 | Klap<br>Keep | (2) | 2 |
| 13.5 | | | |
| 13.5.1 | E Soet woorde wat streel | | |
| 13.5.2 | A Hartseer/haatlike woorde | | |
| 13.5.3 | G Sensitief vir ander mense se gevoelens | | |
| 13.5.4 | D Bitsig/venynig wees | | |
| 13.5.5 | B Onvriendelik/humeurig wees | | |
| 13.5.6 | C Geheim oorvertel/lelik praat/kragtige woorde gebruik | (6) | 2 |
| 13.6 | Vergelyking | (1) | 1 |
| 13.7 | konnotasie | (1) | 3 |
| 13.8 | talle tonge/een tong/’n tong (ENIGE EEN) | (2) | 3 |
| 13.9 | en | (½) | 2 |
| 13.10 | brand soos asyn | (1) | 2 |
| | | **[17½]** | |

**VRAAG 14: Kontekstuele vraag** (Bl. 143 – 144)

**VERSJOERNAAL:**

| **NR.** | **MEMORANDUM** | **PUNT** | **VLAK** |
|---|---|---|---|
| 14.1 | Skip EN/SE kop | (2) | 1 |
| 14.2 | Protes | (1) | 1 |
| 14.3 | D – die regering hulle forseer het om plek te maak vir 'n missiel-toetsterrein | (1) | 1 |
| 14.4 | Hulle gaan na 'n onbekende plek. | (1) | 2 |
| 14.5 | | | |
| 14.5.2 | Waar | (1) | |
| 14.5.2 | "môre gaan ons weg" | (1) | 3 |
| 14.6 | B – vergelyking | (1) | 2 |
| 14.7 | Bloudam EN branders | (2) | 1 |
| 14.8 | D – Alliterasie | (1) | 1 |
| 14.9 | Woordspeling | (1) | 1 |
| 14.10 | | | |
| 14.10.1 | totsiens | | |
| 14.10.2 | strand | (2) | 2 |
| 14.11 | | | |
| 14.11.1 | Die blou berge oor | (1) | 3 |
| 14.11.2 | stukkies van my lewe lê nou deurmekaar | (1) | |
| 14.12 | Overberg | (1) | 3 |
| 14.13 | Woedend | (½) | 2 |
| | | **[17 ½]** | |

**VRAAG 15: Kontekstuele vraag** (Bl. 179 – 181)

**VERSJOERNAAL:**

| **NR.** | **MEMORANDUM** | **PUNT** | **VLAK** |
|---|---|---|---|
| 15.1 | Djy | (1) | 1 |
| 15.2 | 1. Kaapse Afrikaans/Kleurling Afrikaans | (1) | 1 |
| | 2. Dit is gemeng met Engels<br>Dit is 'n nie – standaard vorm van Afrikaans.<br>Dit is platweg/spreker skryf soos hulle praat. | (1) | 2 |
| 15.3 | Application forms/aansoekvorms<br>Briewe<br>Phone calls/foon/telefoonoproepe (ENIGE EEN) | (1) | 2 |
| 15.4 | Figuurlik | (1) | 3 |
| 15.5 | | | |
| 15.5.1 | B – geen melk nie | | |
| 15.5.2 | C – geen mooi woorde | | |
| 15.5.3 | A – geen bederf nie | (3) | |
| 15.6 | Ja, my bra, soe issie life vannie jobless: (Dubbelpunt) | (1) | 1 |
| 15.7 | C – mense wat ryk is | (1) | 2 |
| 15.8 | wyn<br>buttons<br>stelery (ENIGE EEN) | (1) | 2 |
| 15.9 | A – verlaat | (1) | 1 |
| 15.10 | | | |
| 15.10.1 | kos | | |
| 15.10.2 | overcrowded | | |
| 15.10.3 | elektrisiteit | (3) | 1 |
| 15.11 | | | |
| 15.11.1 | Nee | (1) | 3 |
| 15.11.2 | Lawyerlette's | (1) | 1 |
| 15.12 | eenheid | (½) | 2 |
| | | **[17½]** | |

**VRAAG 16: Kontekstuele vraag**

**VERSJOERNAAL:**

| NR. | MEMORANDUM | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 16.1 | 1. Italiaanse<br>2. oktaaf<br>3. sekstet | (3) | 2 |
| 16.2 | C 'n koffiekroeg | (1) | 1 |
| 16.3 | " hier waar alles glim" (aanhalingstekens nie verpligtend nie) | (1) | 2 |
| 16.4 | B – vergelyking | (1) | 1 |
| 16.5 | "jong" | (1) | 2 |
| 16.6 | verwaarlosing | (½) | 2 |
| 16.7 | Met tamatiesap/die kleur van tamatiesap | (1) | 2 |
| 16.8 | Die glas was baie vol en sy is bang sy mors./Sy is bang dit val. | (1) | 2 |
| 16.9 | | | |
| 16.9.1 | H – leeg | | |
| 16.9.2 | G – lomp | | |
| 16.9.3 | E – vriendelikheid | | |
| 16.9.4 | F – tandeloos | | |
| 16.9.5 | D – kemmis | | |
| 16.9.6 | C – troos | | |
| 16.9.7 | B – universeel | | |
| 16.9.8 | A – gelaat | (8) | 1 |
| | | **[17½]**<br>**[35]** | |

## EERSTE ADDISIONELE TAAL:  RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG

Let op die verskil in die puntetoekenning vir inhoud versus struktuur en taal.

| **KODES EN PUNTETOEKENNING** | | **INHOUD [25]**<br>**Interpretasie van die onderwerp. Grondige argumente, verantwoording en begrip van die voorgeskrewe werk.** | | **STRUKTUUR EN TAAL [10]**<br>**Struktuur, logiese vloei en aanbieding. Gebruik van taal, toon en styl in opstel.** |
|---|---|---|---|---|
| ***Kode 7***<br>**A**<br>**80 – 100%** | Uitmuntend<br>**20 tot 25 punte** | In diepte interpretasie van onderwerp, alle aspekte van die onderwerp is ten volle nagevors.<br>Uitstekende reaksie. (90+, uitmuntende reaksie)<br>Reeks pakkende argumente, uitgebreid; ondersteun uit die teks.<br>Uitstekende begrip van genre en voorgeskrewe teks. | Uitmuntend<br>**08 – 10 punte** | Samehangende en gestruktureerde opstel.<br>Uitstekende inleiding en slot.<br>Argumente is goed gestruktureerd en duidelik ontwikkel.<br>Taal, toon en styl is gevorderd, treffend en korrek. |
| ***Kode 6***<br>**B**<br>**70 – 79%** | Verdienstelik<br>**17½ – 19½ Punte** | Bo-gemiddelde interpretasie van onderwerp. Alle aspekte van die onderwerp is geskik nagevors.<br>Gedetailleerde reaksie.<br>Reeks grondige argumente is gegee, goed ondersteun uit teks.<br>Baie goeie begrip van genre en teks. | Verdienstelik<br>**7 – 7½ punte** | Opstel is goed gestruktureerd.<br>Goeie inleiding en afsluiting.<br>Argumente en gedagtelyn is maklik om te volg.<br>Taal, toon en styl is  korrek en gepas vir die doel.<br>Goeie aanbieding. |
| ***Kode 5***<br>**C**<br>**60 – 69%** | Beduidend<br>**15 –17 punte** | Toon begrip en het onderwerp goed geïnterpreteer.<br>Taamlik gedetailleerde reaksie op die onderwerp.<br>Sommige grondige argumente is gegee, maar nie almal is baie goed gemotiveer nie.<br>Begrip van genre en teks duidelik. | Beduidend<br>**6 – 6½ punte** | Duidelike struktuur en logiese vloei van argumente.<br>Inleiding, afsluiting en ander paragrawe is  samehangend georganiseer. (koherensie)<br>Vloei van argumente kan gevolg word.<br>Taal, toon en styl is grootliks korrek. |
| ***Kode 4***<br>**D**<br>**50 – 59%** | Voldoende<br>**12½ – 14½ Punte** | Taamlike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte is in detail nagevors nie.<br>Sommige goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp.<br>Meeste argumente is ondersteunend, maar bewyse is nie altyd oortuigend nie.<br>Basiese begrip van genre en teks. | Voldoende<br>**5 – 5½ punte** | Geringe bewyse van struktuur.<br>Goed gestruktureerde en logiese vloei en samehang ontbreek.<br>Min taalfoute; toon en styl is meestal gepas.<br>Paragrawe is meestal korrek. |
| ***Kode 3***<br>**E**<br>**40 – 49%** | Matige<br>**10 – 12 punte** | Baie gewone en gemiddelde poging om die vraag te beantwoord.<br>Baie min diepte en begrip in reaksie op die onderwerp.<br>Argumente nie oortuigend nie en baie min verantwoording uit die teks.<br>Leerder het nie houvas op en volle begrip van genre en teks nie. | Matige<br>**4 – 4½ punte** | Beplanning van die struktuur is gebrekkig.<br>Argumente nie logies gerangskik nie.<br>Paragrawe is foutief.<br>Opvallende taalfoute. Toon en styl nie gepas vir die doel nie. |
| **Kode 2**<br>**F**<br>**30 – 39%** | Basiese<br>**7½ –  9½ Punte** | Houvas op die onderwerp is swak.<br>Reageer herhalend en soms van die punt af.<br>Geen diepte in argumentering; verkeerde interpretasie/Argumente word nie verantwoord uit die teks nie.<br>Baie swak houvas op genre en teks. | Basiese<br>**3 – 3½ punte** | Swak aanbieding en gebrek aan beplanning beïnvloed die vloei van die argumente.<br>Taalfoute en foutiewe styl maak opstel onsuksesvol. |
| ***Kode 1***<br>**F tot H**<br>**0 – 29%** | Ontoereikend<br>**0 tot 7 punte** | Reaksie soms in verhouding met die onderwerp, maar dis moeilik om ontoepaslike argumente te volg.<br>Swak poging om vraag te beantwoord.<br>Min toepaslike punte met geen verantwoording uit die teks nie.<br>Baie swak houvas op genre en teks. | Ontoereikend<br>**0 – 2½ punte** | Moeilik om te bepaal of die onderwerp behandel word.<br>Geen bewyse van logiese beplanning nie.<br>Geen paragrawe en koherensie nie.<br>Swak taalgebruik.  Verkeerde styl en toon. |

KONTROLELYS VIR DIE OPSTEL EN MODERERING VAN 'N VRAESTEL

Die suksesvolle paradigmaverskuiwing van inhoudgedrewe onderrig en toetsing na die assessering van kennis en vaardighede deur middel van die teksgerigte en kommunikatiewe benadering vereis dat al die onderliggende aspekte van die Nasionale Kurrikulumverklaring in onderrig en leer beslag sal kry.

Sleutelvrae wat 'n rol sal speel in die beoordeling van toetse/assesseringstake sal die volgende wees:

| **KONTROLELYS VIR DIE OPSTEL EN MODERERING VAN VRAESTEL 1** | | |
|---|---|---|
| **BEGINSELS** | **VRAE** | **KOMMENTAAR** |
| 1. Sosiale transformasie | ✓ | |
| 2. Hoë kennis en vaardigheidsvlakke | ✓ | |
| 4. Progressie | ✓ | |
| 5. Artikulasie/oordraagbaar | ✓ | |
| 6. Menseregte/inklusiwiteit | ✓ | |
| 7. Waardering vir inheemse | ✓ | |
| 8. Geloofwaardigheid/doeltreffend | ✓ | |
| **Kritieke en ontwikkelingsuitkomste** | | |
| **Kritieke uitkomste:** | | |
| 1. Identifiseer/los probleme op | ✓ | |
| 2 Werk doeltreffend in groepe | **N.v.t.** | |
| 3. Selfwerksaamheid | ✓ | |
| 4. Inligting versamel/reageer | ✓ | |
| 5. Kommunikeer doeltreffend | ✓ | |
| 6. Gebruik teg. wet. doeltreffend | ✓ | |
| 7. Die wêreld as sisteem | ✓ | |
| **Ontwikkelingsuitkomste** | | |
| 1. Verskillende leerstrategieë | ✓ | |
| 2. Verantwoordelike burgerskap | ✓ | |
| 3. Kultuur/esteties sensitief | ✓ | |
| 4. Beroepsmoontlikhede | ✓ | |
| 5. Entrepreneurskap | ✓ | |
| | | |
| **Leeruitkoms 2: Lees en kyk** | | |
| **Lees/kyk vir begrip en waardering** | | |
| • Maak voorspellings | ✓ | |
| • Identifiseer hoofgedagtes | ✓ | |
| • Ondersteunende gedagtes uitlig | ✓ | |
| • Som hoofgedagtes op | ✓ | |
| • Lei woordbetekenis uit konteks af | ✓ | |
| • Herlees vir begrip | ✓ | |
| **Betekenis van verskeidenheid tekste** | | |
| • Vind toepaslike inligting | ✓ | |
| • Seleksie/weglating van inligting beïnvloed betekenis | ✓ | |
| • Verskil tussen direkte en verskuilde betekenis | ✓ | |
| • Herken skrywer se standpunt | ✓ | |

| Uitkoms | Assesseringstandaard | Vraag | Kognitiewe vlak |
|---|---|---|---|
| LU 2 | 1. Toon verskillende leesstrategieë vir begrip en waardering<br>• Vra vrae/maak voorspellings<br>• Identifiseer hoofgedagtes/ondersteunende besonderhede<br>• Gebruik kontekstuele leidrade<br>• Herlees van tekste om begrip te bevorder<br>2. Verduidelik die betekenis van teks | Afdeling A, B, C en D<br>Afdeling A, B, C en D<br>Afdeling A, B, C en D<br>Afdeling A, B, C en D<br>Afdeling A, B, C en D<br>Afdeling A, B, C en D | Al die kognitiewe vlakke is in hierdie vraestel aangespreek. |
| | • Vind inligting in tekste/teksgedeeltes<br>• Herken hoe seleksie en weglaat van inligting betekenis raak<br>• Motiveer 'n eie respons<br>• Herken die verskil tussen direkte en verskuilde betekenis<br>• Verduidelik die skrywer/karakter /verteller se standpunt<br>• Herken die sosio-politieke en kulturele agtergrond van tekste<br>• Herken en verduidelik die impak van figuurlike en retoriese taal en stylmiddels:<br>• Inversie<br>• Metafoor<br>• Vergelyking<br>• Personifikasie<br>• Metonimia<br>• Klanknabootsing<br>• Simbool<br>• Hiperbool<br>• Kontras<br>• Sarkasme<br>• Ironie<br>• Satire en antiklimaks<br>• Vergelyk die skrywer se gevolgtrekking met eie | Afdeling A, B, C en D<br>Afdeling A, B, C en D<br>Afdeling A, B, C en D<br>Afdeling A, B, C en D<br>Afdeling A, B, C en D<br>Afdeling A, B, C en D<br>Afdeling A, B, C en D<br>Afdeling A, B, C en D<br>Afdeling D<br>Afdeling D<br>Afdeling D<br>Afdeling D<br>Afdeling D<br>Afdeling D<br>Afdeling D<br>Afdeling D<br>Afdeling D<br>Afdeling D<br>Afdeling D<br>Afdeling D<br>Afdeling D<br>Afdeling A, B, C en D<br>Afdeling A, B, C en D<br>Afdeling A, B, C en D | Al die kognitiewe vlakke is in hierdie vraestel aangespreek. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 2. Herken hoe taal en beelde waardes en houdings kan weerspieël en vorm in tekste:<br>• Herken sosio-kulturele en politieke waardes, houdings oor geslag, klas, ouderdom, magsverhouding, menseregte, inklusiwiteit en die omgewing<br>• Herken die aard van partydigheid, vooroordeel en diskriminasie in tekste | Afdeling A, B, C en D<br><br>Afdeling A, B, C en D | |
| 4 | 1. Verken die hoofkenmerke van tekste en verduidelik hoe betekenis deur die leser se interaksie geskep word:<br>• Intrige en subintrige<br>• Konflik<br>• Karakter<br>• Rol van die verteller<br>• Boodskappe en temas in groter konteks<br>• Milieu – verband met karakter<br>• Stemming en tydsverloop<br>• Ironiese wending en afloop | Afdeling A, B, C en D<br><br>Afdeling A, B, C<br>Afdeling A, B, C<br>Afdeling A, B, C<br>Afdeling A, B, C<br>Afdeling A, B, C<br><br>Afdeling A, B, C<br><br>Afdeling A, B, C<br>Afdeling A, B, C | Al die kognitiewe vlakke is in hierdie vraestel aangespreek. |
| | Poësie:<br>• Woordkeuse<br>• Stylfigure<br>• Beeldspraak<br>• Klank | Afdeling D<br>Afdeling D<br>Afdeling D<br>Afdeling D<br>Afdeling D | Al die kognitiewe vlakke is in hierdie vraestel aangespreek |
| | Drama<br>• Dialoog<br>• Handeling (verband met karakter en tema)<br>• Intrige en subintrige<br>• Karakteruitbeelding<br>• Konflik<br>• Dramatiese doelstelling<br>• Dramatiese struktuur<br>• Toneelaanwysings | Afdeling B<br>Afdeling B<br>Afdeling B<br><br>Afdeling B<br>Afdeling B<br>Afdeling B<br>Afdeling B<br>Afdeling B<br>Afdeling B | Al die kognitiewe vlakke is in hierdie vraestel aangespreek |